Tjokkie WEEKBLAD

17 Januarie 2025 Uitgawe: 1/1/2025

# UIT DIE KANTOOR

## Uit die kantoor

Welkom terug na die vakansie aan ons hele Tjokkie-gemeenskap. Ek hoop en vertrou dat julle lekker uitgerus is en gereed is vir 2025. Ook 'n groot woord van welkom aan al ons nuwe ouers wat vanjaar by ons aansluit. Mag dit vir jou en jou kind 'n onvergeetlike reis saam met Tjokkies wees. Ek glo na die eerste week sal almal sommer vinnig die roetine van die skool baasraak.

Net die volgende belangrike sake om van kennis te neem:

- **Jaarbeplanner:** (tafelkalender) Die verskillende funksionele komitees en skakelpersone se inligting verskyn op die laaste bladsy van die kalender. Al die onderwysers se inligting is ook daar te vinde. Neem gerus die vrymoedigheid om enige van die persone te kontak indien u enige vrae of voorstelle het. Neem ook kennis van alle toepaslike aktiwiteite wat deur die jaar plaasvind en skakel daarby in as ondersteuning jeens u kind en Tjokkies.
- **Huiswerkboekie:** Die skool gee nie meer 'n huiswerkboekie uit aan die leerders nie. Ouers is self verantwoordelik om 'n dagboek/huiswerkboek vir u kind aan te skaf waarin die leerders hul huiswerk kan afskryf. Die afskryf van belangrike inligting soos huiswerk is 'n belangrike vaardigheid wat kinders reeds van 'n vroeë ouderdom moet aanleer. Doen asb. moeite om u kind gereeld te vra of huiswerk afgeskryf is en dat u sommer bietjie wil kontroleer. Teken ook gereeld u kind se boekie as bewys.
- **Skoolreëls en Erekode:** Die leerders ontvang vandag 'n dokument waarop die die skoolreëls en erekode van die skool verskyn. Neem asb. kennis daarvan. Dit moet asb. deur u as ouer en u kind onderteken word. (Dit is 'n bepaling van die SA Skolewet.) Stuur asb. die getekende vorm weer terug na u kind se registeronderwyser teen Vrydag, 24 Januarie 2025.
- **Buitemuurse rooster:** Dit is reeds aan u elektronies gestuur. Kontroleer asb. met u kind waar en wanneer wat plaasvind en by watter hek u hom of haar gaan oplaai.
- **Krieketnette en sportveldontwikkeling**: Soos u seker reeds opgemerk het, vorder die ontwikkeling van ons nuwe sportvelde baie goed. Ongelukkig is die krieketnette nog nie klaar nie en is alternatiewe reëlings getref. Indien u nie die krieketinligtingsvergadering op 15 Januarie kon bywoon nie, kontak gerus mnr. Ryno Eckard vir meer inligting oor die nuutste reëlings.

- **Skoolgeldbrief:** Ouers het reeds die skoolgeldbrief verlede jaar saam met u kind se rapport ontvang. Nuwe ouers sal dit vandag ontvang. Indien u nie so 'n brief ontvang het nie, kontak asb. die kantoor om u te vergewis van vanjaar se skoolgelde. Let asb. daarop dat indien u vir korting kwalifiseer u reeds vanaf 15 Januarie daarvoor kan aansoek doen. Kortingsaansoekbriewe kan per e-pos by Mev. Beaulah du Plessis aangevra word: beaulah@tjokkies.co.za.

- **Oueraande:** Die oueraande van volgende week begin om 18:00 en sal soos volg plaasvind.

  Maandag, 20 Januarie – Gr. 1-3
  Dinsdag, 21 Januarie – Gr. 4-7

  **Neem asb. kennis dat ouers direk na u kind se registerklas gaan. Slegs Gr.7-ouers kom in die saal bymekaar.**


  Woensdag, 22 Januarie – Gr. 1-6 RO-Oueraand (Skakel die kantoor vir 'n afspraak in 'n tydgleuf van 17h00 tot 19h00)

**Tjokkie Gesinsdiens – 26 Januarie**
Soos in die verlede, word elke ouer en kind hartlik genooi na ons Tjokkie gesinsdiens. Hierdie diens is oop vir almal, ongeag u denominasie. Dit is 'n oggenddiens en vind plaas vanuit die Geloofsentrum Universitas in Strausstraat. (Langs die Muddplein Sportgronde). Die diens begin om 9h00. Dit is interkerklik en 'n Tjokkie-aangeleentheid. Ons versoek dat die leerders asb. die diens in hulle skoolklere sal bywoon.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 17 Jan.: | SVS Tennisproewe |
| | Krieket – Grey Bach (Gekombineerde Bloemfonteinspan) |
| 18 Jan.: | SVS Tennisproewe |
| 20 Jan.: | Skool se amptelike verjaarsdag (1970-2025) |
| | Buitemuurs begin voluit |
| | Gr. 1-3 Oueraand |
| 21 Jan.: | Gr.1 Atletiek (skool) |
| | Gr. 4-7 Oueraand |
| 22 Jan.: | Rugby inligtingsvergadering – ouers |
| 23 Jan.: | KS-Ouerinligtingsaand |
| | RO-Oueraand |

## VERJAARSDAE



17 Jan.: Juf. Hanlie Dippenaar (Musiek)

## ANDER

**Personeel**

Juf. Carli Claassen (RO) het einde van 2024 bedank en het verhuis na die Kaap. Haar posisie is nog nie gevul nie. Aansoeke vir hierdie beskikbare pos sluit vandag.

Tjokkies verwelkom graag die volgende nuwe personeel wat vanjaar by ons aansluit:

- Mnr. Ruan Strydom by Gr. 5
- Mnr. JP Nel (SPF assistent)
- Mej. Samantha Greyling (SPF assistent)
- Mej. Miranda Ras (GSF assistent)
- Mej. Janri van Rooyen (GSF assistent)

Ons vertrou dat hulle vinnig sal inskakel by Tjokkies en dat u as ouers hulle ook met die nodige respek sal hanteer.

**Snoepwinkel:**

Soos verlede jaar aan u gekommunikeer, is die snoepwinkel op die terrein vanaf vanjaar geprivatiseer. Die Kaalvoetkafee bestaan dus nie meer nie en die snoepwinkel het 'n nuwe naam, naamlik: "Bagel".

Mnr. Nico Botes en sy span staan gereed om u kind te voorsien met die lekkerste snoeperye en heerlike kosse. U as ouers is ook welkom om die koffiewinkel te ondersteun. Indien u enige navrae het, kan Nico gekontak word by 076 871 8246.

Meer inligting rakende spyskaarte, tye en bestellings sal later met u gekommunikeer word.

**Musiekdepartement:**

Leerders wat belangstel om musiek te neem, kan Juf. Hanlie Dippenaar by die musiekdepartement kontak by 079 884 3620. Musiek word in die volgende instrumente by Tjokkies aangebied: klawerbord, klavier, blokfluit, kitaar asook solo-sang. Hierdie lesse word deur uiters bekwame personeel aangebied en hulle het reeds baie jare ondervinding. Graad 1-leerders ontvang ook vandag 'n inligtingsbrief waarop vanjaar se tariewe en tye verskyn.

Indien u kind verlede jaar musiek gehad het en nie vanjaar voortgaan met musiekonderrig nie, moet u asb. u onderwyseres onmiddellik in kennis stel sodat die rooster verander kan word.

Musieklesse sal binnekort volstoom aan die gang wees.

**Parkering**

Die afdakke en bome binne by hek 1 en 2 is uitsluitlik vir die gebruik van die personeel en middagpersoneel.  Ouers moet asb. NIE daarop parkeer om net vinnig 'n kind op of af te laai nie.  Elke afdak is geallokeer vir 'n spesifieke personeellid en word in die middae deur die middagpersoneel gebruik.  As die afdak "oop" is, is die personeellid dalk net vinnig uit of nog oppad skool toe en veroorsaak dit verkeersprobleme indien 'n ouer daar parkeer.  Respekteer asb. hierdie reëling.

## REDENAARS



# SNUFFELS



The best just got better
with the Kia Sonet at Kia Bloemfontein.
Receive up to R40 000 discount!
UNLIMITED KILOMETRE
5 YEAR WARRANTY
SONET GP
Movement that inspires
T's and C's apply. Image for illustration purpose only.
Bloemfontein


VOLVO
Volvo XC60.
The new measure of performance.
Starting from R11,830 per month
Image is for illustration purpose only. Subject to financial approval. Price indicated is based on the XC60 B5 Geartronic AWD Essential on a 72 month, 10% deposit & 40% balloon finance term. Rate is linked to prime: 11.5%. Inc. bank Initiation Fee of R1207.50 Incl VAT. Terms & conditions apply.
52 Zastron St,Bloemfontein Central, Bloemfontein, 9301, Free State I 051 403 4200
www.bloemfontein.volvocars.co.za

# Oortrek van skoolboeke

kort jy hulp met boeke oortrek?

Kyk nie verder!

Klein boeke (A5)
R7 per boek

Normale A4 boeke
en handboeke
R10 per boek

Eie oortrekpapier en plastiek moet verskaf word.

Naamplakkers moet klaar ingevul wees

Optel en aflewering van boeke:

- Afgee en optel by my huis
- Optel en afgee by skool
- Optel en aflaai by jou huis (met klein ekstra fooi).

**Kontak gerus**

Winé - 0726401504

Bloemfontein